COVID HOTLINE 021 928 7102

HSH – NOU MEER AS OOIT TEVORE, DOEN ONS DIE GEWONE DINGE BUITENGEWOON

VALUE FOR TERM 2 – PAY IT FORWARD!

Nuusbrief 11/2020
12 Junie 2020

Liewe Ouers

Wat 'n wonderlike gesig is dit nie om weer ons kinders op die skoolgronde te sien en na 'n lang tyd van grafstilte weer kinderstemme in die vierkant te hoor! Aanvanklik het die klomp maar bedremmeld gelyk, maar teen Donderdag kon ek opstaan toe ek hoor hoe 'n groep Matrieks uitbundig lag. Dit was soos musiek in my ore ek en het geweet: alles sal regkom!

1. **<u>Vroeër infasering van Grondslagfase (Gr. R-3)</u>**

Nadat die WKOD vir skole die opsie gegee het om aansoek te doen om sommige graad-groepe vroeër te laat terugkom, het die skoolbestuur en die Beheerliggaam besluit om die Grondslagfase eerste te laat terugkeer en wel om die volgende redes:

1. Die enorme belangrikheid van hierdie fase waar leerders basiese vaardighede soos lees, skryf- en rekenvaardighede vir die eerste keer aanleer en vaslê.

2. As ons nie nou baie vinnig en baie hard gaan werk aan die vaslegging en die onderrig van hierdie basiese vaardighede nie, gaan die skade elke jaar vorentoe groter krake wys.

3. Dit was baie duidelik in die terugvoering van die ouers en die onderwysers dat afstandsonderrig in hierdie fase 'n sterk tweede prys is. Hierdie kinders is net eenvoudig beter af in 'n klaskamer met hulle juffrou by hulle.

4. Laastens bloei ons harte vir ouers wat werk. Tydens 'n gesprek met een van ons pa's het ek weereens besef watter uitdagings werkende ouers in die gesig staar.

Ter wille van ons leerders en opvoeders se veiligheid en ter wille van sosiale distansie in die klaskamer en die speelgronde, het die skoolbestuur besluit om die Gr. R- en 1-klasse op die bestaande kampus te laat aanbly. **Die Gr. 2- en 3-klasse skuif na die seunskoshuis se eetsaal en studiesaal onderskeidelik.** Die totale aantal leerders in hierdie fase is 117 en dit sal eenvoudig nie werk dat almal op die Grondslagfase se terrein skoolgaan nie. Grondslagfase-personeel sal meer volledige inligting rondom die praktiese reëlings kommunikeer.

Four things are important:

- We can assure everyone in the HSH family that a huge amount of hard work was put in to ensure a safe HSH for our staff and learners.

- We respect the fears and anxiety that we have to confront during these challenging times.
- We will always act in the best interest of everyone in the HSH family.
- If you have any questions, please contact the school immediately. We would like to address issues directly with our parents and not through social media. We understand and respect that our parents have many of questions.

2. Learners with comorbidities

There are many definitions of comorbidities. For the purpose of this newsletter, a comorbidity is deemed to be a chronic health condition or illness which could be made worse by returning to school during Covid 19.

Parents must inform the school about **learners** with comorbidities supported by a medical history report from their medical practitioner. School management will then offer the parents the option to oversee the learning of their child/ children at home until the pandemic recedes. Teachers will engage with parents about homework and alternative arrangements with regards to assessments.

Very important: If parents are not willing to send their children to school, but they do not have a valid medical reason with regards to a comorbidity, then the homeschool option will have to come into play. Parents will have to deregister the learner from HSH and register for homeschooling. It will be very sad to say goodbye to learners, but we do respect the anxiety and fears of our parents.

3. Infasering van die ander grade

Die res van die grade se terugkeerprogram, bepaal deur die Departement van Basiese Onderwys, lyk soos volg:

6 Julie 2020	:	Graad 6 Graad 10 Graad 11
3 Augustus 2020	:	Graad 4 en 5 Graad 8 en 9

4. Skooldrag

Vanaf 1 Junie dra ons leerders volle winterdrag. Ons bevestig weer dat Gr. 6- en 7-leerders vanjaar die opsie het om in te skakel by die hoërskool se winterdrag.

Seuns: Baadjie, das en wit hemp met boordjie
Dogters: Baadjie, skoolrok, swart ‘opaque’ kouse

Vanaf 2021 is bg. winterdrag verpligtend vir alle Gr. 6- en 7-leerders en vorm skoolsweetpakke nie meer deel van hulle amptelike skooldrag nie.

Na deeglike oorweging en oorlegpleging het die Skoolbestuur en die Beheerliggaam besluit om die status quo te handhaaf t.o.v. skooldrag. Eerstens, ons gaan met geen kleredrag die risiko t.o.v. Covid 19 uitskakel nie. Die skool kan nie verantwoordelikheid aanvaar t.o.v. higiëne van kleredrag nie. In ooreenstemming met die etos, karakter, skooltrots en dissipline van HSH, is die besluit geneem dat leerders volle wintersdrag gaan dra. **Ter wille van ‘n ekstra wasdag, gaan ons op Woensdae leerders toelaat om HSH sportdrag aan te trek. Weens die feit dat Grondslagfaseleerders met hulle**

sweetpakke skool toe kom, gaan hulle op Woensdae met gewone klere klasse mag bywoon.

Die volgende aanbevelings kan ook help:

- Was klere in warm water
- Skud klere deeglik uit en hang in sonlig
- Skoolbaadjies kan gewas word en in tuimeldroër geplaas word
- Stryk skoolbaadjie met warm lap / ”press” van skooldrag
- Spuit skoolbaadjie met handsaniteerder met alkohol-basis sonder ‘n bleikmiddel.

5. School hours

School management and Governing Body have decided to change school hours from Monday, 8 June for Gr. 4 – 12.

School hours will be as follow: 07:25 – 14:00.

NB: School hours for Foundation Phase (Gr. R-3) will stay the same.
School day for Gr. 4-12 will consist of 8 periods and 2 breaks.

Gr. 2- en 3-leerders meld Maandag, 15 Junie om 08:00 aan by die skoolsaal vir oriëntering en hulle verdaag om 10:00. Vanaf Woensdag, 17 Junie volg die Grondslagfase skooltyd soos in die verlede. Om ouers te help het die Grondslagfase leerders die vergunning om Woensdae met gewone klere skool toe te kom, sodat ouers sweetpakke kan was. Hierdie reëling geld vir die Grondslagfase leerders. Dit tree in werking in die week van 22 Junie 2020.

Gr. R	7:25	-	12:30 (By normale klas)
Gr. 1	7:25	-	13:15 (By normale klas)
Gr. 2	7:25	-	13:30 (Seunskoshuis studiesaal)
Gr. 3	7:25	-	13:30 (Seunskoshuis Eetsaal)

Ons wil weereens ‘n versoek aan HSH-ouers rig om tydens aflaai- en opteltye die straat tussen die skool en die saal (Victoriastraat) te hanteer as ‘n eenrigtingstraat met verkeer wat vloei in die rigting van die hoofstraat.

6. Skoolfinansies

Ek glo dat ouers sal verstaan dat alle skole, en ook HSH, nou swaar trek wat finansies betref. Bydraend tot HSH se situasie, is die feit dat ons busse en koshuise se lopende koste steeds vir ons ‘n uitgawe is, maar die inkomste dek sedert Maart nie ons uitgawerekening nie.

Dit is ‘n absolute wonderwerk dat HSH tot op datum al sy verpligting kan nakom danksy die finansiële kantoor se harde werk, die Beheerliggaam wat pro-aktief planne in plek kon sit en ‘n gees van besparing deur ons personeel. Die grootste bydraende faktor tot HSH se oorlewing is egter ons ouers wat elke maand die regte ding doen en hulle skoolgelde stiptelik betaal. Nou, meer as ooit tevore, is dit krities belangrik dat **elke** ouer wat ‘n bydrae kan lewer, sy deel doen om te verseker dat HSH hierdie pandemie oorleef.

Ek is sedert 1990 betrokke by HSH en ek weet uit ervaring dat ons ouers ons nog nooit “gedrop” het nie. Dit gaan verseker nie nou gebeur nie!

Dit sal ook verbygaan!

Kyk na julleself!

Wehan Fourie (Skoolhoof)

Die belangrike 5 vrae

1. Voel jy koorsig?
2. Het jy ‘n droë hoes?
3. Is jy kort van asem?
4. Het jy ‘n seer keel?
5. Was jy in die laaste 14 dae in direkte kontak met iemand wat Covid 19 positief was?